



## **KWARTAALVERSLAG: BESTUURSKOMITEE OIV. (Jan. – Maart 2022)**

Dit is baie moeilik om ons daaglikse aktiwiteite te lys, omdat dit baie omvangryk is. Ek gaan wel weergee wat ek kan onthou en wat ons aangeteken het.

- 1 Buks en Otto maak die twee fonteine, wat 'n groot deel van Oesterbaai se waterbronne is, skoon. Daar was 'n merkbare verbetering van die invloei uit een van die fonteine.
- 2 Otto doen verdere verbeterings aan die staproete.
- 3 Buks doen voortdurend volgens behoefte herstelwerk aan die paaie.
- 4 Ons sien toe dat waterlekkage gerapporteer en herstel word – meestal dieselfde dag.
- 5 Riekie, Jean Holloway, Hylien en Anita merk vir ons die strandparkering met klippe en verf dit wit. Wat 'n verbetering!
- 6 Daar is herhaalde skakeling met die Oos-Kaap Paaie Departement oor die swak toestand van die toegangspaaie. Volgens belofte sal die pad gedurende April geskraap word.
- 7 Woon die Munisipale wykskomitee verkiesing vergadering by en verseker dat Mariekie Smit van Umzamowethu as verteenwoordiger verkies word. Ons staan Mariekie by om ons sake daar te bevorder.
- 8 Woon die vergadering van Kouga Windplaas se verkiesing van trustlede by. Dié Trust verseker dat die fondse (wat by wetgewing vir verbetering van die omstandighede van inwoners binne 'n 50 km. radius) volgens behoefte aangewend word. Denise Malan word uit Umzamowethu verkies.
- 9 Vergadering met die Speaker van die Munisipale Raad oor die gebruik van die saal deur onder andere die Wyksraadslid, een maal per week.
- 10 Bestuur besprekings vir die gebruik van die saal. Sluit die saal oop en toe volgens aanvraag – byna daaglik.
- 11 Adriaan sorg dat die saal gereeld skoongemaak word.
- 12 Anita en Hylien hanteer weekliks die biblioteek.
- 13 Martiens sorg dat die bossies langs die sementpad skoongemaak word.
- 14 Riekie skakel met die Wyksraadslid en die Brandweer oor die verwickelinge met die Brandweersubstasie wat nou al vir jare tot stilstand gekom het. Sy reël ook vir diens van die brandblussers in die saal en die nagaan van die brandkrane. Sy versoek meer brandslange, aangesien hier nie voldoende brandslange is nie.
- 15 Reël dat die sokkerveld in Umzamowethu gesny word.
- 16 Reël dat die ligte by die sokkerveld reggemaak word.
- 17 Op Buks en Maranda se inisiatief koop die OIV 'n wisseltrofee vir sokkertoernooie wat hier plaasvind. Hierdie is 'n noemenswaardige inisiatief uit Umzamowethu om die kinders van die strate af te kry en hopelik die dwelmmisbruik teë te werk.
- 18 Rapporteer elektrisiteitsprobleme in Oesterbaai by verskeie geleenthede aan die Munisipaliteit – ook lae stroom (volts) wat na Eskom herstelwerk aan 'n substasie gedoen moes word. So probeer ons die elektriese toerusting van ons inwoners beskerm.
- 19 Koördineer Sassa besoeke aan die dorp en kommunikeer datums van besoeke.
- 20 Ontmoet munisipale amptenare om die omheining van die saal te beplan.

- 21 'n Brief van erkenning word aan die Munisipale Bestuurder gestuur oor amptenare wat die watervoorsiening goed hanteer en die skoonhou van Oesterbaai gedurende die Desembervakansie.
- 22 Voortdurende skakeling oor sake betreffende die vullis-terrein.
- 23 Ons is verheug om te meld dat nuwe lede steeds by die OIV aansluit. Ongelukkig is hier baie permanente inwoners wat voortdurend van ons dienste gebruik maak, maar nie hulle ledegelde betaal nie.
- 24 Daar is herhaaldelik met Telkom en Open Serve geskakel oor die verwydering van Telkom pale wat omval en kables wat op die grond lê.
- 25 Die klankstelsel vir die saal is aangekoop.

Ek bedank ons bestuurlede vir hulle toegewyde harde werk.

Walter Kurten

Voorsitter